

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die liefde van gelowiges en die liefde van Jode. Christelike liefde is liefde wat 'n gawe is wat ontvang en gegee word net omdat dit liefde is. Die Joodse liefde, soos alle moralistiese liefdes in al die geestelikhede van hierdie wêreld, is nie liefde nie maar net krag en mag wat as kragdadige en magtige liefde geglo word. Met hierdie sogenaamde kragdadige liefde wil mense hulself en ander mense reg kry en heel maak vir God en mekaar. Christelike liefde word nie gegee om mekaar reg en heel te maak nie, maar net omdat liefde is wat ontvang en gegee word. 1 Korintiërs 13 beskryf die liefde wat net liefde is se werkzaamheid teenoor die kragtige liefde van alle geestelikhede.

Skriflesing 1 Korintiërs 1: 22 – 25, 30; 13: 1 – 13.

Teks 1 Korintiërs 1: 23 “Ons egter, verkondig 'n gekruisigde Christus. Vir die Jode is dit 'n struikelblok en vir die nie-Jode 'n dwaasheid.

Tema Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

1. Ons het verlede week uit die brief 1 Petrus gehoor dat die liefde van gelowiges vir mekaar is anders as die liefde van gelowiges vir die wêreldgemeenskap. Die apostel Petrus noem die liefde van medegelowiges vir mekaar “broederliefde” en die liefde van gelowiges vir ongelowiges “respek.”

Ek wil graag vir u twee preke gee uit 1 Korintiërs 13 wat wys hoe gelowiges se liefde verskil van liefde in die Griekse afgodsdienste asook liefde in die Joodse vroomheid.

Ons moet altyd 1 Korintiërs 13 saamlees met hoofstukke 1 tot 3. In hoofstukke 1 tot 3 wys Paulus hoe Christelike liefde anders is as liefde in die slimigheid van die Griekse afgodsdienste sowel as die kragdadigheid van die Joodse vroomheid. Vanaf hoofstuk 4 tot 12 gee Paulus dan antwoorde op vrae uit die gemeente waarin hy elke keer wys hoe Christelike liefde die lewe met mense en aanbidding van God anders laat wees as die Griekse slimigheid en Joodse kragdadigheid. In 1 Korintiërs 13 gee Paulus dan 'n volledige beskrywing van hoe Christelike liefde anders werk as liefde in die slimigheid van die Griekse afgodsdienste asook die Joodse kragdadige vroomheid.

Die Here Christus skep in ons as gelowiges hierdie liefde as gawe wat anders is as die slimigheid van afgodsdienste of die kragdadigheid van vroomheid. Paulus kondig dit só aan: “Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword wat van God kom: regverdiging, sowel as heiliging en bevryding.”

2. Ons vereniging met Jesus Christus is die krag waardeur God die volgende met ons doen:

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

- Ons wat voor God in ons self en daade onregverdig is, is vir God regverdiges!
- Ons wat voor God in onself en daade onheiliges is, is vir God heiliges
- Ons wat voor God skuldig en veroordeeldes moet wees, is deur God bevry van skuld en oordeel!

Dit is die liefde wat Christus vir ons as sy kinders het en waarvoor ons Hom vertrou. Hy laat ons deel wees van dit wat ons self nooit kan bewerk of in onself kan wees nie. Hy aanvaar ons in 'n liefde en goedheid wat ons self nooit kan gee nie. Ons kan vir God nooit heilige en regverdige, dit is regte en volkome liefde volgens God se wet, gee nie.

Met hierdie gawe van liefde ontmagtig God die tipe liefde in ons wat eintlik net slimmigheid is en die tipe liefde wat eintlik niks anders as kragdadigheid is nie. Sy liefde verbreek die liefde in ons wat slimmigheid en kragdadigheid is. Daarom stel Paulus: "Die Jode vra tekens en die Grieke soek wysheid. Ons egter, verkondig 'n gekruisigde Christus. Vir die Jode is dit 'n struikelblok en vir die nie-Jode dwaasheid. (1: 22,23)

Wat is liefde as slimmigheid? Paulus wys dat dit die tipe liefde is waarmee die Grieke in hul afgodsdienste mee besig was. Hulle gee voor dat hulle na wyse liefde soek, maar dit is eintlik niks anders nie as slinkheid. Dit is 'n slimmigheid van hierdie wêreld wat dwaasheid by God is. (3: 18) Want dit is alles maar net die slimmigheid hoe om sondes as jou liefde uit te leef. Dit is sonde in die naam van liefde. Daarom sien hulle die liefde van gelowiges as dwaasheid want dit wil nie sonde as liefde glo nie.

Wat is liefde as kragdadigheid? Dit was die Jode se liefde. Hulle was besig met 'n liefde waarin hulle hulself vir God reggemaak het volgens sy wet en die wêreld vir God volgens sy wet reg gekry het. Daarom was en is die liefde van gelowiges vir hulle 'n swakheid wat mense en die wêreld nie kan verander nie. (1: 25)

3. Kom ons kyk vanoggend hoe is en werk ons liefde anders as die kragdadige liefde van die Jode en alle godsdienste en geestelike waar jy jou vir God se liefde self regkry, regmaak en mense en die wêreld met hierdie liefde vir God regmaak. Volgende week sal ons weer kyk na die verskil tussen gelowiges se liefde en die slinkse liefdes van die Grieke.

Christus maak ons vir God se liefde reg en heilig, en strafloos sonder oordeel. In hierdie liefde van Hom vir ons neem Hy hierdie las uit ons liefde weg.

- Ons liefde vir God en mense, is nie meer liefde wat ons of ander mense vir God of mekaar reg maak nie.

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

- Ons liefde vir God en mense is nie meer liefde wat ons vir God of ander mense volkome, dit is heel en heilig maak nie.
- Ons liefde vir god en mense, is nie meer liefde waardeur ons onself of ander mense vir God en ander mense strafloos, smetloos en onberispelik moet maak nie.

Die las om dit met ons liefde te moet doen, het Jesus Christus weg gevat deur dit vir en met ons te doen. Ons hoef nie meer met ons liefde hierdie dinge te bewerk nie.

Dit gee aan die liefde wat die Here in ons skep die vryheid om niks anders te wees as net liefde nie. Hierdie liefde is onbelaste liefde. Liefde wat niks anders is en moet wees as om net liefde nie en wat net as liefde gegee word nie.

Onbelaste liefde is liefde wat niks moet reg maak, heel maak, heilig maak, smet moet skoon maak, foute moet herstel of straf en oordeel moet dra nie.

Paulus wys dat die Jode hierdie liefde die “swakheid van God” noem. Volgens hulle is hierdie liefde as gawe wat niks reg, heel en goed kan maak nie, maar net liefde is wat as liefde gegee word, die “swakheid van God”. Volgens God egter is dit 'n groter krag as die kragtige liefde van mense. (1:25)

Hoekom is ons kragtelose en magtelose liefde groter as die kragtige liefde van mense? Want dit is 'n liefde wat ons altyd kan gee en mee kan leef met stukkende mense in 'n gebroke wêreld. Dit is die wêreld waarin gelowiges altyd liefde net kan gee sonder om die wêreld voor die eis van reg te stel voor liefde gegee word en om voor die moontlikheid te stel dat waar daar nie verandering is nie, liefde weerhou sal word.

4. Vir die Jode was hierdie liefde, godsdienstige swakheid! Hierdie liefde is vir hulle God se swakheid! Volgens hulle kan God nie so swak wees om so 'n swak liefde in mense te skep nie.

Vir die Jode was liefde 'n krag en mag waardeur hulle hulself vir God en mense reg, heilig, smetloos en onberispelik gemaak het. Dit is Paulus se getuienis oor sy opvatting as Jood voor Hy tot geloof gekom het in Fil. 3: dat hy deur sy wetsbeoefening om reg en volkome te wees onberispelik was.

Liefde is vir hulle die mag en krag waardeur jy jouself, ander mense en die wêreld vir God verander. In hierdie geloof in 'n godsdienstig kragtige en magtige liefde, maak liefde alles reg wat verkeerd is, verander liefde ander mense om ook liefdevolle mense te wees, maak liefde alles heel en heilig wat gebroke en stukkend is,

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

maak liefde alles wat vol smet is, skoon en rein en verander liefde straf en oordeel na aanvaarding en beloning.

Hierdie liefde is die liefde wat die geestelikes en die menslikes van hierdie wêreld idealiseer en nastreef. Dit is hoe ouers in hul eie liefde vir hul kinders glo: ons liefde sal alles heel, reg, rein, goed en volkome maak. Dit is die liefde wat geromantiseer word vir man en vrou! Dit is hoe liefde werk as geestelike of menslike krag en mag.

5. Paulus wys in 1 Korintiërs 13 hoe werk liefde in mense, wat net 'n gawe van God is, anders as hierdie kragtige liefde van die geestelikes van hierdie wêreld.

Liefde in mense as gawe van die Here nie 'n geestelike krag en mag wat mense reg en heel maak nie! Die gawe van liefde wat onbelas net liefde is en nie 'n geestelike krag en mag is om mense reg en heel te maak nie, werk totaal ander as hierdie kragdadige geestelike liefde!

Liefde as gawe wat net liefde is, is geduldig. Geduldig waarmee? Geduldig met alles wat verkeerd is en verkeerd bly! Geduldig beteken om geduldig aan te hou liefhê in alles wat verkeerd is. Liefde as krag en mag werk anders! As liefde alles wat verkeerd is reg sou maak, dan sou liefde nie geduldig hoef te wees met wat verkeerd is nie. Liefde sou dan net wat verkeerd is reg maak. Daarom is liefde as krag en mag nie geduldig met alles wat verkeerd is en bly nie.

Liefde as gawe van Christus is vriendelik! Vriendelik met alles wat afgunstig, grootpraterig en verwaandheid is. Liefde as 'n krag en mag wat mense en die wêreld verander, is nie met hierdie ondeugsaamheid vriendelik nie, maar wil met vriendelikheid al hierdie ondeugde na wedersydse vriendelikheid verander. Wanneer liefde mense nie só verneder nie, dan word liefde wat kragdadig is, onvriendelik.

Liefde wat 'n gawe van Christus is, verdra alles! Dit wat verdra word is onreg. Liefde wat 'n geestelike krag en mag is kan en sal nooit onreg verdra nie, maar wil altyd onreg regstel. Wanneer kragdadige liefde nie iets regstel nie dan word dit die krag, om ongeregthede te beveg en geregtigheid oor deur die hoewe laat geskied teen onreg soos Paulus dit uitwys in die gemeente i 1 Korintiërs 6.

6. Kan u sien hoekom gelowiges se liefde geminag word as godsdienstige swakheid deur die Jode en al die geestelike moraliste van hierdie wêreld? Want Christelike liefde maak kwaadwilliges nie vriendelik nie, maak wat verkeerd is in die wêreld nie reg nie en stel onreg en ongeregthede nie reg nie.

Dit is 'n minagting vir Jesus Christus self! Want deur te glo dat Hy jou reg, heilig, goed, smetloos, goed, strafloos en sonder veroordeling maak deur jou in te sluit in wie Hy vir jou is, verander Jesus nooit hierdie wêreld vol kwaad en onreg nie.

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

Daarom is die Joodse en met hulle al die geestelikes van hierdie wêreld se diepste kritiek om die liefde wat Christus in gelowiges gee as gawe, dat dit ongeloof is in die liefde! Dit glo nie meer in die tipe kragtige en magtige liefde wat die beste in elke mens na vore bring nie!

Dit is ook die diepste verwyd teen ons as kerk en lidmate van die kerk van die Here! Ons liefde verander niks in die wêreld nie! Kyk maar na ons in Levubu! Ons liefde maak nie gesinne, huwelike, kinders, mans en vroue reg, heel, rein, smetloos en onberispelik nie. Daarom is ons liefde swaakheid! En die rede vir hierdie kragteloosheid van ons, is omdat ons glo dat ons liefde dit nie kan doen nie!

7. Teenoor hierdie verwyd dat ons liefde swaak en kragteloos is, omdat dit nie mense en die wêreld reg en heel maak nie, kom Paulus dan in 1 Korintiërs 13 en wys op die swaakheid van hierdie liefde wat alles reg en heel wil maak, hierdie geestelike kragtige en magtige liefde!

Hierdie liefde wat die goeie in ander mense wil ontsluit en ook liefdevol wil maak, is volgens Paulus 'n tipe liefde wat net eie belang soek. Dit is hoe ons ons kinders baie keer lief het en ook mekaar as man en vrou. Ons glo dat ons liefde vir hulle sal die beste in hulle ontsluit sodat hulle alles kan wees wat ons weet hulle kan wees. Liefde as gawe van Christus is nooit die kraak wat die beste in ander mense ontsluit nie. Sy liefde skep liefde in mense, nie ons liefde vir hulle nie.

Kragdadige liefde is net hoe mense hulle eie belang soek. Dit is mos net waar! Wanneer jy mense liefhet sodat jy hulle kan verander om jou ook lief te hê, dan gaan dit mos oor jou eie belang, om altyd net van mense liefde te ontvang. Dit terwyl liefde wat net 'n gawe is, nie liefde gee om mense te verander nie, maar liefde gee aan mense wat hul eie sondige aard nie kan verander volgens my eie belange nie.

Kragtige en magtige liefde is juis die tipe liefde wat liggeraak is en boekhou van die kwaad. Hierdie liefde werk so! Dit hou boek van hoe en wanneer hulle liefde jou reg kry, heel maak, goed maak, foutloos maak, rein maak en vriendelik, sagmoedig, hartlik en vrymoedig maak. Dit wil boek hou om juis te bevestig hoe kragtig en magtig hulle liefde op jou inwerk en verander. En wanneer hulle liefde dit nie doen nie, dan voel hulle liggeraak - jy het hulle liefde nie aanvaar nie en word hulle liefde wat jou nie reg en heel maak die rede hoekom hulle teenoor jou onbehoorlik begin optree.

Daarom is dit nie ons liefde wat net liefde is wat niks reg en heel maak wat swaak is nie. Dit is juis hierdie sogenaamde kragtige en magtige liefde wat alles reg en heel maak, wat swaak liefde is. Dit is net liefde in eiebelang en daarom liggeraak wat

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

boekhou van die kwaad. Dit kan nooit liefde wees wat gegee word sonder eie belang nie.

8. Christene se liefde maak dat hulle saam bly is oor die waarheid en hulle nie in onreg kan verbly nie!

Oor watter waarheid is hulle saam bly? Oor die waarheid dat mense sondig is, maar deur Christus regverdig, heilig en vry van sondestraf en skuld gemaak word. Daarom kan hulle saam bly wees oor die waarheid van hulle eie sonde en gebrokenheid want hulle hoef nie vir hul self en God 'n leuen te leef asof sondig nie sonde is nie.

Dit is hoe mense hulle nie verbly oor onreg nie! Hulle maak nie asof sonde nie regtig sonde is nie, en gee nie vir onskuldiges die rede vir ander se sondes nie. Dit is hoe mense hulle oor onreg verbly! Die liefde wat die Here in ons gee as gawe, wat niks reg, heel of goed maak nie, kan met die volle waarheid van mense se sondigheid nog steeds liefde gee omdat dit net liefde is.

Vir die kragdadige liefde van alle geestelikes en menslikes is liefde binne die waarheid van eie sondes nie moontlik nie. Hoekom nie? Want hulle glo dat hulle liefde altyd alles en almal verander om self reg, heel, goed en liefdevol te wees. Binne hulle geloof in hulle liefde, kan hulle nooit die waarheid dat mense sondig is en sondig bly ooit aanvaar nie.

Hoekom mense sondig bly of sondes doen, is dan volgens hulle omdat mense net nie genoeg liefde ontvang of ontvang het toe hulle dit as kinders nodig gehad het nie. Maar wat gebeur wanneer hulle met hierdie geloof dat alles met liefde reg gemaak word voor die werklikheid van die gebroke mense en 'n gebroke wêreld te staan kom wanneer hulle volle liefde met kwaad beantwoord word?

Dan word mense se sondigheid die rede dat hulle te sleg is om liefde voor gegee te word. Omdat hulle nie verander nie, nie reg kom, heel kom en goed word nie, mag liefde van hulle weerhou word. Dit is hoe hulle hul verbly in die mag van die weerhouding van liefde, die mag van onreg – mense is te sleg want hulle wil nie dat ons liefde hulle verander nie.

Christelike liefde kan nooit weerhou word omdat mense nie verander nie, want dit word nie gegee om mense te verander nie. Daarom kan daar nooit 'n vreugde wees in liefde wat weerhou word nie.

9. Wat is grootste gevaar van hierdie kragdadig liefde wat mense en die wêreld vir God reg maak?

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

Met hierdie tipe liefde kom mense altyd tot die breekpunt – alles word net te veel! Altyd! Want hoe lank kan jy met hierdie geloof in jou eie kragdadige en magtige liefde leef dat dit alles reg en heel maak, voordat jy voor die werklikheid te staan kom dat dit niks reg en heel maak nie?

Dit maak nie kinders reg en heel nie! Dit maak nie my geliefde reg en heel nie! Dit maak nie my gemeenskap, volk of nasie reg en heel nie! Dit bly gebroke mense in 'n gebroke gemeenskap!

- Dan word hierdie kragdadige liefde van hulle wat glo hulle het hulself reg gekry en heel gemaak, liefde wat wraak neem! Dan word dit liefde wat alles wat verkeerd is ontbloot en oopvlek tot op die been om vir almal te wys hoe sleg is hulle wat eers my liefde ontvang het. Alles intimiteite wat so mens in die naam van liefde opgeëis het, word dan die sogenaamde geheime kennis van die ander se slegtheid wat openbaar gemaak word.
- Dan word hierdie kragtige en magtige liefde die motivering om niemand ooit weer te glo en almal te wantrou omdat hulle nie deur liefde reg en heel gemaak is nie.
- Dit word die krag wat geen hoop meer het in die lewe en wêreld nie en niks meer verdra nie, want almal het hulle bewys as mense wie nie deur liefde reg en heel gemaak kan word nie.

Die liefde van hulle wat jou met hulle liefde wil reg en heel maak, is liefde wat jou sal verniel deur ontblotings, wantroue, wanhoop en onverdraagsaamheid, wanneer hulle hulle breekpunt met jou bereik. Is dit nie duidelik met wat die geestelikes wat die Afrikaners vir hulle nuwe liefdesgemeenskap in die land wou skep nie? Omdat hierdie gemeenskap nie reg en heel gekom het nie, word hulle swakhede nou ontbloot, hulle menswees gewantrou, word hulle sonder hoop gestel en word hulle nie meer verdra nie.

10 Dit is hoekom die liefde wat die Here in gelowiges as gawe gee, kragtiger is as die krag van menslike liefde! Dit is 'n liefde wat in 'n gebroke wêreld vervuld kan leef. Dit is 'n liefde wat nooit 'n breekpunt kan bereik omdat mense en die wêreld nie deur ons liefde reg kom of heel raak nie.

Want dit is nie waarvoor ons liefde gegee word nie. Ons gee liefde net omdat dit is wat ons gee sonder die las van reg kom en heel kom as doel of voorwaarde.

Met hierdie liefde kan ons met gebroke mense in 'n gebroke wêreld saam leef en saam bly leef! Want ons liefde maak dat

Christus gee ons die gawe van liefde om in 'n gebroke wêreld vervuld te leef

- ons die gebrokenheid wat ons ken bedek en nie openbaar maak vir ander nie.
- ons alles vir mekaar kan bly glo omdat die Here ons steeds vir Hom reg en heilig laat wees en só in sy diens gebruik.
- Ons nog steeds vir mekaar kan liefhê in die hoop in wie Christus ons vir Hom sal laat wees en
- Verdra ons alles in die geloof dat ons vir mekaar heilig en reg bly omdat ons in Christus is.

So ontdek ons die werking van liefde wat 'n gawe is van Jesus Christus! Dit maak nie alles reg en heel nie, maar laat ons vervuld leef binne die gebrokenheid van hierdie wêreld met gebroke mense! Dit maak dat ons liefde vir mekaar genoeg is al is ons nie vir mekaar en teenoor mekaar reg en heel nie! Dit is wat liefde nog altyd bedoel was om te wees as gawe wat gegee en ontvang word om met mekaar vervuld te leef in liefde.

11. Wat maak kragdadige en magtige liefde jou? Jou liefde wat jy saam met al die Jode en moralisties geestelikes van hierdie wêreld in glo! Ons verander mense en die wêreld deur ons liefde!

Al versit jy berge en deel jy alles uit vir arm mense met hierdie kragtige mens-veranderende liefde, al besit jy al die kennis hoe om mense met liefde te wen en te verander, is jy in hierdie wêreld niks nie!

Dit woord “niks” hier is 'n beskrywing van wat mense word met hulle ongeloof in God! “Niks” beteken om onvervuld mens te wees en as mens onvervuld te bly! Want hierdie sogenaamde kragdadige en magtige liefde, is nie liefde nie, kan nooit liefde wees want dit doen nie wat liefde doen nie. Dit doen altyd net die teenoorgestelde. Dit is nie kragdadige en magtige liefde nie. Dit is nêr geestelike krag en mag. Niks anders nie! Geestelike krag en mag wat niks kan bewerk wat liefde is nie.

Dit kan jou nie reg en heilig maak nie! Nog minder kan jy ander mense deur jou krag en mag reg kry en heel maak. Dit is maar net jou kragdadigheid en eiemagtigheid wat jy as liefde glo, maar nie liefde is nie. Daarom is jou kragdadige en magtige liefde net 'n galmende ghong en weer klinkende simbaal! Dit is 'n geraas maar nooit musiek nie! Net liefde kan die musiek wees vir die lewe, nooit die kragtige en magtige sogenaamde liefde van die geestelikes van hierdie wêreld nie.

Kom ons gaan leef in die gawe dat Christus ons reg en heilig vir God se liefde en vir mekaar se liefde maak. Kom ons leef met die gawe wat die Here in ons bewerk – om liefde te kan gee wat net liefde is en niks reg en heel maak nie. Kom ons gaan leef met hierdie liefde vervuld met gebroke mense in 'n gebroke wêreld. Dit is waartoe die Here ons bevry het.